

# sig

nuusbrief



Durbanville  
Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

## 40 DAE met Jesus

- Van die Kerkraad, aan die gemeente:

Die hart van die Christelike geloof is Jesus. God het besluit om Homself in en deur Jesus aan ons bekend te maak. Ons kan die lewende God in en deur Jesus ken! Vir Paulus was dit die eerste prioriteit van sy lewe: "... ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee ..."

Ons kan vandag saam met Jesus lewe. Dit is eintlik waaroor Christenskap gaan. Jesus is die Here. Dit beteken Hy is Koning, Hy regeer – vandag. In die hemel en op die aarde. In die hemel vier hulle fees daarvoor. Op die aarde ontken ons Christus se heerskappy. Ons ignoreer dit. Ons lewe met ons rug na God toe, behep met onself, verslaaf aan ons belange en begeertes. Daarom lyk die aarde soos wat dit lyk.

Om te leer om met hierdie Jesus, die Koning, te lewe, beteken die radikale vernuwing van ons lewe. Nie eensklaps nie. Dit is 'n proses. Dit is 'n reis. Met die 40 DAE MET JESUS in 2009, wil die Kerkraad ons hele gemeente uitnooi om mekaar se hande te vat en met hernude fokus hierdie reis aan te durf.

Aan die hand van Markus se evangelie gaan ons gemeente vir 40 dae met Jesus wandel, luister na dit wat Jesus sê, kyk na die dinge wat Jesus doen, met mekaar daarvoor praat en mekaar help om vir Jesus na te volg op die weg van dissipelskap. Markus begin juis sy evangelie met die woorde: "Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin so ...". Evangelie beteken goeie nuus. Markus begin dus met die goeie nuus aangaande God: Jesus! Dat ons 2009 só kan begin, maak ons baie opgewonde.

Die Kerkraad bid vir hierdie reis waarop ons hele gemeente gaan, die gebed van Paulus in Efesiërs: "Ons bid o Vader, dat U Usef so in Christus en deur die Gees aan ons sal openbaar, dat ons U werklik sal ken. Mag ons U liefde in Jesus ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan. En mag ons lewe met U teenwoordigheid oorspoel word, sodat daar nie 'n stukkie van ons lewe is, wat nie deur U teenwoordigheid geraak word nie."

Praktiese reëlings aangaande die reis:


Ons gemeente gaan in die eerste kwartaal van 2009 saam op hierdie reis. Alles in die gemeente gaan hierop fokus: ons eredienste, ons kleingroepe, ons aksies.

Ons het groeppasiteerders nodig wat bereid is om vir 6 weke hul huis oop te stel en mense in te nooi om die 40 dae saam te stap. Al die nodige materiaal en hulpmiddels sal voorsien word, sodat die groep lekker kan nadink en gesels oor die vraag: Wie is Jesus vandag? Mense wat ons hiermee wil help kan hul name by die kerkkantoor kom opgee.

Ons gaan, sodra die skoolkwartaal in die nuwejaar begin, u volledig inlig en die finale reëlings tref, sodat die 40 dae in Februarie kan begin. Die belangrikste saak waarmee u kan help tot dan toe, is om saam met ons te bid, en te oorweeg of u as groeppasiteerder wil optree.

Die reis hou natuurlik nie na 40 dae op nie, en u kan meer lees oor die verdere dinge wat vir 2009 beplan word, op bladsy 3.

# 40 dae met Jesus



# Uit die Woord

## Die Jesus van Kersfees - Ds Rian Verster



Terwyl ek hier skryf, November 2008, is dit "slegte tye." Ons is onseker oor hoe die politieke proses sal verloop, moreel gaan ons deur 'n bitter donker tyd en sosiaal-maatskaplik is ons in 'n krisis. Dit gaan nie goed met die ekonomie nie. Ek is nie 'n kenner nie, so ek wonder ook maar wat die implikasies van 'n depressie kan wees! As die ouer mense oor '33 se depressie gepraat het, het daar skaduwees oor hulle oë gekom. Kersfees gaan vanjaar anders wees, sê mense wat weet. Ons sal nie kan koop nie!

"Slegte tye" word vir Christene "goeie tye." Ons word nou weer gedwing om te vra, waaroor dit regtig vir ons gaan. Geslagte vóór ons moes dit ook doen.

Daarom, as die opstellers van die Nederlandse Geloofsbelijdenis in hulle tyd moes sê wat hulle van Jesus Christus glo, doen hulle dit so:

"Ons glo dat Jesus Christus t.o.v. sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore: Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die persoon van die Vader en die afskynsel van die wese van God en in alles aan Hom gelyk. Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons sondige natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuienisse ons as hulle met mekaar vergelyk word: Moses sê dat God die wêreld geskep het, en Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord wat Hy God noem. God het die wêreld deur Sy Seun gemaak en ook alle dinge deur Jesus Christus geskep. So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is." En daarop sê die profeet Miga: "Sy begin lê vêr terug, in die gryse verlede!" En die apostel: "Sonder begin van dae of lewenseinde."

Hy is dus die ware, ewige God, die Almagtige, vir Wie ons aanroep, aanbid en dien. Is dit hierdie Jesus wat ons in gedagte het as ons Kersfees vier?

# Uit die Wêreld

## Charlie Wilson's War - Ds Tinus van Zyl



Charlie Wilson's War handel oor die onvertelde verhaal van Amerika se geheimsinnige hulp aan Afganistan in hul oorlog teen die Soviet Unie ten tye van die Koue Oorlog. Sonder dat die res van die wêreld dit besef het, sonder dat Afganistan dit self geweet het, het Amerika

'n baie groot aandeel gehad in die Taliban se oorwinning teen Rusland. Ongelukkig, tragies, het Amerika na die oorlog onttrek, en nie gehelp met die heropbou van 'n land wat toe deur 14-jarige generaals beheer is nie, en Afganistan het onbewus gebly van Amerika se rol in die oorlog. Vandag is Amerika en Afganistan in 'n oorlog gewikkel waarvan die einde nie in sig is nie.

In die film word die bekende legende vertel van 'n seun wat op sy verjaarsdag 'n perd kry. Almal in die dorp sê dis wonderlik, maar die Zen meester in die dorp sê: Ons sal sien. Twee jaar later val die seun van die perd af en verloor sy been. Almal in die dorp sê dis verskriklik, maar die Zen meester sê: Ons sal sien. Dan breek daar 'n oorlog uit en al die seuns moet gaan veg, behalwe hierdie seun. Die dorp se mense sê dis wonderlik, maar die Zen meester sê: Ons sal sien ...

In 'n wêreld waar die Vredesverdrag van Versailles,

na die Eerste Wêreldoorlog, die saad geplant het vir die Tweede Wêreldoorlog twintig jaar later, kan 'n mens nie te opgewonde raak oor die oorwinnings, skietstilstande en vredesooreenkomste van die wêreldse magte nie. Vandag se vrede is maar net die rede vir môre se oorlog.

Tog is daar ook 'n boodskap van 'n ander soortige vrede op aarde. 'n Vrede wat nie kom met mag en gesag, met weermagte en kernwapens, met intimidasie en onderdrukking, met geweldadige oorwinnings en manhaftige segetogte nie. 'n Vrede wat kom in die onmagtige, brose en weerlose gedaante van 'n baba in 'n krip. Vrede deur 'n revolusionêre Koning wat sy koningstoel nie met geweld inneem nie, maar deur selfopoffering en die prysgawe van sy lewe. Wat die geweld van hierdie wêreld in al sy aakligheid ontbloot, as Hy onskuldig gemartel word en aan 'n kruis opgehang word. En op die derde dag staan Hy op, en neem Hy sy plek in as Koning oor elke aardse vors. Jesus, die Here, die Vredevors.



# Toerustingsprogram 2009

## - Kerkraad

Ons gemeente se visie is om as dissipels van Jesus saam in diens van God se nuwe wêreld te leef. Daarom fokus die 40 DAE MET JESUS op Jesus, wat die Here van ons lewens is. Somtyds moet 'n mens egter na spesifieke areas in jou lewe gaan kyk, om verder te groei in jou verhouding met, en navolging van Jesus.

Die Toerustingsprogram van 2009, wat die res van die jaar op Woensdagaande by die Gemeentesentrum gaan loop, wil gemeentedele hiermee help. Die kursusse sluit onder andere in:

- **Leer om as dissipel van Jesus te lewe** is 'n geloofsvormingskursus wat deur Ds Gys van Schoor ontwikkel is en nou al twee keer in ons gemeente aangebied is. Dit sal ook deur hom gelei word in 2009.
- **Emosioneel gesonde spiritualiteit** is 'n kursus van Pete Scazzero wat deur Jan en Celia Slabbert aangebied gaan word.

- **Imago** is 'n huweliksverrykingskursus gelei deur Grete Becker.
- Daar sal 'n kursus vir **gesinne** wees, om ouers te help in die uitdagende taak van ouerskap. Dit sal aangebied word deur Kobus White.
- Die **Alfa** kursus oor basiese Christenskap, en die **Netwerk** kursus oor jou gawes en roeping, sal gelei word deur Ds Andre van Wyk.
- **Jesus en 'n wêreld in krisis** is deur Ds Tinus van Zyl opgestel uit werke soos Brian McLaren se "Everything must change. Jesus, global crises and a revolution of hope" en Shane Claiborne se "The irresistible revolution. Living as an ordinary radical." Die kursus sal deur hom aangebied word.
- Ander kursusse kan nog bygevoeg word, en die kursusse kan ook aangepas word, na aanleiding van belangstelling en inskrywings.

Jy is welkom om op jou eie 'n kursus by te woon, of jou hele klein groep kan besluit om by 'n kursus in te skakel. Dit is nie die bedoeling om al die kursusse vir 2009 by te woon nie! Maar daar word ruim voorsiening gemaak, sodat daar iets vir almal behoort te wees.

Mag hierdie toerusting, deur die krag van die Heilige Gees, ons waarlik help om as dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld te leef!

## Dissipels van Jesus: Saam in diens van God se nuwe wêreld Toerusting 2009

1 1ste Kwartaal 2009	<b>40dae met Jesus</b> Wie is <i>Jesus</i> vandag?				
2 2de Kwartaal 2009	<b>Leer om as dissipel van Jesus te lewe</b> Oefeninge en dissiplines vir 'n eerste-handse leef met God	<b>Emosioneel gesonde spiritualiteit</b> Om as emosioneel volwasse Christen te leef	<b>Jesus en 'n wêreld in krisis</b> Die politieke en sosiale implikasies van Jesus se lewe, sterwe en opstanding	<b>Imago</b> Man en vrou wat in en deur hul huwelik die beeld van God uitstraal	<b>Alfa</b> "Back to the Basics" van Christenskap
3 3de Kwartaal 2009	<b>Simply Christian</b> Om nuut te dink oor die Christelike geloof	<b>Renovation of the heart</b> Geestelike transformasie van my lewe	<b>Wat sê die Bybel?</b> Evolusie Homoseksualiteit Rassisme Ander aktuele sake	<b>Gesinne</b> Hoe maak ons ons kinders groot met Christelike waardes?	<b>Netwerk</b> Ontdek jou passie, gawes en roeping in diens van God se nuwe wêreld
4 4de Kwartaal 2009	<b>RETREATS</b>				

## Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500-00
Halwe blad	R750
Kwart blad	R375
1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.  
(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, nie te plaas nie.)

## Redaksie

**Redakteur:**  
Ds Tinus van Zyl

**Redaksielede:**  
Ds Rian Verster & Jackie Pretorius

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.



# Handevatweek 2008

- Jannie Kotzé

Handevatweek, voorheen bekend as Getuienisweek, saam met Durbanville-Bergsig gemeente en die VGK Durbanville, het hierdie jaar plaasgevind van 12 tot 15 Oktober 2008.

Die week het afgeskop met 'n jeugaand op Sondag 12 Oktober. Kinders het 'n jeugprogram gevolg in die kerksaal terwyl volwassenes die 3-dag reeks, gelei deur Theo Geysler, in die kerksentrum bygewoon het.

Die tema van vanjaar se Handevatweek was "Hy breek deur mure" en dit was werklik geseënd. Theo het ons gehelp om met nuwe oë na Jesus te kyk, om

ons geykte prentjies van Jesus te vernuwe en om te ontdek dat Jesus die opgestane Here is wat deur mure, oor grense en verby verskillende beweeg om die verwerpte, uitgestote en eensame mense met sy liefde en genade aan te raak.

Die Handevatweek het geleentheid gebied aan gemeentelede om hande te vat en nouer saam te werk in ons gemeenskaplike doel: "om die evangelie te verkondig" en by barmhartigheidsprojekte betrokke te raak. Hierdie jaar is fondse ingesamel vir die nuwe Fisantekraal Centre for Development.

Na elke aand se diens was daar weer heerlik saam gekuier met sop en broodjies, wat ons weereens herinner het dat ons almal deel is van die één liggaam van Christus. Mag die Heilige Gees ons help om dwars deur die jaar hande te vat met ons medegelowiges en om so saam in diens van God se nuwe wêreld te wees.

## Kom toer saam met ds Koosie Delport

**2009 : ISRAEL EN EGIPTE** - Datum: 23 April tot 2 Mei 2009

Koste\*: Ongeveer R18 000 per persoon (Nylvaart tot 6 Mei opsioneel teen ekstra R6000)

**2010 : PASSIESPELE EN EUROPA** - Datum: 30 Junie tot 11 Julie 2010

Koste\*: Ongeveer R27 500 per persoon

LW: Deposito verseker passiespel-toegangskaartjie wat nou baie skaars begin raak

\*Bogenoemde kostes sluit o.a. in reiskoste, toegang, goeie verblyf, twee etes per dag

**Volledige inligting beskikbaar. Skakel Koosie by Oesterlaan 13, Stilbaai • [koosie@isales.co.za](mailto:koosie@isales.co.za) • 083 659 0543**



Sit weg die trompet! Net nou dink hulle dis ons!

## Kinders vat mekaar se hande

- Lezjé van Zyl

Hierdie jaar het die kinders van Durbanville Gemeente, Durbanville-Bergsig en die VGK Durbanville saamgekom in Handevatweek om te kyk na die lewe van Dawid. Ons het gekyk hoe Dawid as 'n Veewagter, Vegter en Vriend ons kan inspireer om volgens God se wil te lewe.

Voor Handevatweek het elke kerk se kinders egter die voorreg gehad om 'n skildery te verf wat sou deel vorm van een toneel. Die drie skilderye wat deur die individuele kerke se kinders geverf is, is saamgevoeg en by Durbanville-Bergsig opgehang. Die graad 5 en 6 groep van Durbanville Gemeente is uitgekies vir hierdie taak. Met swartsakke as 'voorskote' en goeie samewerking is die skildery een Sondagoggend tydens Kategese klaargemaak, met die hulp van party kategete, pappas en mamas! Die skildery was 'n reuse sukses en die kinders was baie trots op hulle werk.

By die kinders se byeenkomste tydens die week, het ons elke aand afgeskop met lofprysing. Die kinders het elke liedjie terdeë geniet en die stemme van die

kinders het die dak gelig! Nuwe liedjies is geleer en ou bekendes is soos een stem saamgesing. Elke aand was daar 'n verskeidenheid van aktiwiteite wat aangebied is, onder andere die maak van papier-skopies, 'n stukkie fliek wat gewys is, 'n poppekas, die bou van 'n reuse Goliat-legkaart, en die samestelling van vriendskap-kaarte.

Handevatweek het ons kinders geleer om nie na mense se uiterlike te kyk nie, maar na hulle harte, hulle het ervaar dat God met elkeen van ons is en ons help, al lyk die



probleem hoe groot, en laastens is daar gekyk hoe hulle as kinders van God vriende moet kies, en hoe hulle self ook 'n vriend moet wees vir ander.

Die week het geëindig met ons gemeentes se kinders wat opgewonde is om dit wat hulle geleer het, te gaan uitleef!

# “Dagreis van ‘n mens”

- Esther Blackaller

Die genade om nog 'n oggend wakker te word, miskien vir party van ons met 'n pyn of twee, 'n siekte waarmee ons saamleef, seer in die hart wat moeilik is om te hanteer of verwerk, of ons wat sommer net die gewone gang van veroudering ervaar. Ons is veral bevoorreg as ons die kuns verstaan en wysheid aangryp om ten spyte van enige van die bogenoemde, die waarde besef om die beste van hierdie Godgegewe dag, te wil maak. As ons steeds kan bid en vra vir 'n positiewe gees, moed en krag vir vandag.

Só was dit ons senior burgers ('n groep van 165) se



voorreg op Woensdag 29 Oktober om getraakteer te word. Die begaafde aktrise en verhoogkunstenaar Isadora Verwey het met haar skerp intellek en spitsvondige woorde vir 45 minute die gehoor aan haar lippe laat hang.

## 'n Samevatting van die boodskap:

'Die eise wat die moderne lewe darem aan 'n mens stel! Aggressie en verowering word hoog aangeslaan. En vanselfsprekend moet sukses ten alle koste bereik word. Die kriterium van jou sukses en prestasie? Geld. Jy moet geld maak. Die evaluering van 'n taak lê in sy materiële verdienste. Belangrike werk kry hoë betaling. Ja, geld en prestasie is die norm van sukses.

Maar die mens het ook ander behoeftes. Hy het nie net 'n drang na selfverwesenliking, prestasie en sukses nie, maar ook 'n versorgingsdrang en 'n drang om lief te hê. Die behoefte om 'n huis te hê, kinders te hê. Die supermens van vandag doen dus albei. Vanselfsprekend uitmuntend, of nie?'

Hierdie boodskap het 'n humoristiese dog indringende blik op 'n dagreis van die moderne mens gebied.

Baie dankie vir 18 gasvroue, wat so keurig, spesiaal hul gaste bederf het met tee en verversings. Ek noem dit die 'partytjie tyd' waar ons net uitgelate lekker kan kuier. Vir Suzie Groenewald wat elke jaar met haar kreatiewe styl die blommerangskikkings so mooi doen, spesiale DANKIE. Dankie vir elkeen wat bygedra het om dit 'n genotvolle dag te maak.

# Hy laat my by 'n feesmaal aansit ...

- Lola Pienaar



Op 14 Oktober is daar behoorlik feesgevier by Eureka Onthaalsentrum met die Banquet of Blessing. 'n Heerlike bederf-ete is aan 66 vullisverwyderaars voorgesit.

Lukas 14:12 sê: "Wanneer jy 'n middagete gee, moenie jou vriende nooi, of jou broers of bloedverwante of ryk bure nie, sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer uitnooi en jy vergelding ontvang nie. Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie."

As gemeenskap van gelowiges wou ons erkenning gee aan die waardevolle werk wat deur die vullisverwyderaars (reinigers) in ons strate gedoen

word. Geestelike leiers van Bellville, Durbanville, Kayelitsha en Delft het die middag saam met hulle gesels en hulle herinner hoe waardig hulle in God se oë is. Ook dat hul kragtige instrumente in God se hand is, deurdat hul die enigste persone is wat elke dag deur ons stad/dorp beweeg en God se seën in elke straat kan uitspreek en 'n verskil maak vir Sy koninkryk.

Ek het hierdie dag iets van God se sagte hart beleef

Ek het iets van Sy liefde verstaan

Ek het iets van Sy genade begryp

Ek het iets van Sy hemelvreugde ervaar

Ek het geleer om nie te minag nie, maar te ag

Ek het geleer dat God waardeloosheid in waardigheid kan verander

Ek het geleer om grense oor te steek

Vader, smeer salf aan ons oë dat ons kan sien

Vader, gee ons U hart vir ons medemens

En Vader, begin by my



# Gebedseminaar

- Arthur Keizer

Esegiel 22:30: "Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie." "And I sought for a man among them that should build up the wall and stand in the gap before me for the land, that I should not destroy it, but I found none."

Die vers en die verwagting wat dit uitbeeld staan vir my sentraal uit as hoofboodskap wat 30 van ons in 'n baie geseënde gebedseminaar gekry het. Om baie spesifiek in te tree vir ons dorp. Nadat ons die Here geprys het, nadat ons op ons knieë ons gesamentlike sonde bely het, nadat ons die Here

gedank het vir voorspoed en selfs vir teenspoed, dan moet ons intree vir ons dorp volgens Sy wil in die Gees en in die Waarheid.

Ons vra almal om in hulle stiltetyd hierdie gebede te bid. Ons nooi almal wat daardeur geroepe voel, om by ons aan te sluit. Jesus is die Here en Hy beplan nog baie groot dinge vir ons.

Spesiale dank natuurlik aan ons Heer, en dat hy Sue, Lola, Erina, tannie Marie, oom Frikkie en tannie Bettie bewillig het om ons te help, asook ons dank aan Campus Crusade Africa wat die seminaar saam met ons aangebied het.



## 'n Nuwe Avontuur

- Ds André van Wyk

Op Sondag 26 Oktober het ons gemeente se Avontuurbediening afgeskop met ons oorwinning oor Tafelberg. 18 stappers is berg op: die jongste 4 jaar oud en die oudste 73! Dit was 'n pragtige dag en die Here het ons regtig geseën met nuwe krag, mooi natuurskoon en asemrowende uitsigte. Almal was dit eens dat hierdie bediening letterlik nog diep spore in ons gemeente sal trap. Daar word nou reeds aan volgende jaar beplan, so as jy belangstel, kontak my by [andre@durbanvillegemeente.co.za](mailto:andre@durbanvillegemeente.co.za) of 021-975 6370.

## D'Secure



*Security with a difference*

**ALARM RESPONSE, 24  
PATROLS, GUARDING,  
ALARMS & CCTV.**

**SPECIALISTS IN  
RESIDENTIAL PROTECTION  
AND CRIME PREVENTION.**

Office tel: 021-9754880

Office fax: 021-9751429

E-Mail: [dsecure@telkomsa.net](mailto:dsecure@telkomsa.net)

**Marius van Wyk  
Managing Director**

## Steak-aand

- Charlotte Setzkorn



'n Steak-aand was aangebied om ons sendelinge, Petrus en Lisle, se fondse aan te vul. Die doel hiervan was om 'n noodfonds op te bou vir daardie onverwagte uitgawes wat hulle van tyd tot tyd moet aangaan. Hierdeur wil ons hulle ook help met tuisbesoeke wanneer dit nodig is.

Dit was voorwaar 'n feestelike geleentheid! Die organiseerders het baie moeite gedoen en gesorg dat alles goed verloop. Ons wil baie dankie sê aan elke

gasvrou se bydrae tot die sukses van hierdie aand. Die tafels was pragtig gedek en die agtergrondmusiek het gesorg vir 'n feestelike atmosfeer. Die gaste is bederf met ligte versnapperings en heerlike bykosse. Die nageregtafel was gedek met 'n heerlike verskeidenheid soetgoed.

En dan die steaks! Die gehalte van die vleis was onverbeterlik. Alle lof aan die braaiers wat hul meesterlik van hul taak gekwynt het. Om jou steak presies te ontvang soos jy daarvoor gevra het, is ongelooflik.

Nogmaals dankie vir elkeen se teenwoordigheid wat van hierdie geleentheid 'n heerlike kuieraand gemaak het.



# Om twee jongmense te help

- Ds Freek Serfontein

Twee jongmense, Pule en Mittah, het onlangs besluit dat die tyd nou ryp is om die knoop deur te haak. Toe hulle by die departement van Binnelandse Sake navraag doen, moes hulle hoor dat hulle eers teen Februarie 2009 gehelp kan word.

Dis toe dat Apie en Zenetta van Wyk en hulle twee seuns, Amie en Louis, besluit om te help. Pule en Louis is al jarelank vriende. Om 'n lang storie kort te maak, op 25 Oktober 2008 bevestig ek vir Pule en Mittah Masilo in die huwelik in Apie en Zenetta se huis.

Hoe lekker dit vir ons almal was om Mittah en Pule se groot dag saam met hulle te kon deel, is moeilik om te beskryf. Dit het my net weer laat besef dat mens op allerande maniere saam in diens van God se koninkryk kan wees. Want die een ding wat in alles uitgestaan het, was die liefde wat soveel struikelblokke kan oorwin.



## Belydeniskamp 2008

- Ds Tinus van Zyl

Op die belydeniskamp van 2008 was daar een fokus: die belydenis dat Jesus die Here is. Dit was die heel eerste geloofsbelydenis van die vroeë kerk en vorm steeds die kern van ons geloofsbelydenis vandag. Maar wat behels dit alles?

Wel, die eerste ding wat 'n mens kan sê oor hierdie belydenis is dat dit 'n belydenis met verreikende politieke en sosiale implikasies was en is. In die dae van die vroeë kerk moes almal bely dat die Keiser die Here is, en as jy dit nie gedoen het nie, kon jy jou kop verloor het. Ons vergeet party maal dat die terme Here, Christus, Messias, Seun van God, alles daarop wys dat Jesus die Koning is, wat 'n nuwe koninkryk



kom aankondig het. Maar omdat die woorde "Koning" en "koninkryk" al so sag op ons ore val, is dit dalk beter om te sê dat Jesus die President is, wat 'n nuwe Republiek kom aankondig het.

Daarom sê Jesus: "Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom!" In Jesus se tyd, as 'n koning 'n oorlog gewen het of 'n nuwe grondgebied in besit geneem het, het hy vir die oorblywende soldate van die vyand gesê: "Bekeer julle en glo in my!" Bekerings en geloof het dus nie net te make met 'n oortuiging in my kop of 'n ervaring in my hart nie, maar met 'n konkrete alliansie en lojaliteit tot 'n nuwe Koning, 'n nuwe Here, Jesus Christus. En dit beteken dat al my prioriteite en strewes en ambisies gerig word deur hierdie Here, Jesus.

Vir jongmense wat vandag belydenis van geloof wil aflê, is daar soveel ander magte en kragte en invloede wat 'n aanspraak maak op hul lewens, dat dit nie 'n maklike besluit is nie. As hulle byvoorbeeld dink oor hul beroepskeuse, moet hulle hulle keuse laat rig deur die ekonomie en die politiek van die dag, of deur Jesus die Here, wat vir hulle wil gebruik in diens van sy koninkryk? Dit is nie eenvoudig nie. Om in hierdie dae belydenis van geloof af te lê, om te bely dat Jesus die Here is, ook die Here van my lewe, is die mees radikale ding wat 'n mens kan doen.

## Getuienis: Lulu Choc

- Erika Kotzé

Begin 2007 was ek dié spesifieke Sondag in die Familiediens. Soos gewoonlik het kinders én grootmense regop gesit en luister na die kindergedeelte. Maar daardie oggend was dit anders. Heeltemal anders vir my! Lulu CHOC het kom kuier. Ja haar naam is Lulu en haar van is CHOC. Sy het pragtige geel hare en is baie slim. Sy weet als van kanker.

My hart het oopgemaak en elke woord uit Lulu se mond het my pad onherroeplik vorentoe verander. Ek is self die ma van drie kinders. Skielik het ek geweet wat ek vorentoe met my lewe moet doen! Ek wil met kankerkinders werk! Ek het dadelik die Maandag CHOC gekontak en gesê dat ek graag as vrywilliger betrokke wil raak. Als het doodeenvoudig net in plek geval. Die Here se plan met my was duidelik. Ek het die aansoekvorm ingevul en gegaan vir 'n lang, in-diepte onderhoud. Dieselfde dag nog het ek die goeie nuus gehoor dat ek gekeur is! Ek was só bly.

Ek het toe begin as vrywilliger by CHOC en is sedertdien elke Vrydagoggend in die pediatriese kankersaal by Tygerberg hospitaal. Daar spandeer ek individuele tyd met siek kinders. Ek doen aktiwiteite met hulle, byvoorbeeld kuns, lees, speel, of sommer net gesels. Dit help hulle om te vergeet hoe siek hulle werklik is. Ek ondersteun ook die ouers en gee sommer van myself. Jy hoef glad nie eens iets te weet van kanker of enige mediese terme nie. Al wat jy moet wees, is jousef.

Ek het "caregiving" opleiding ontvang en is later verkies tot 'n CHOC komiteelid. Ek het die CHOC "Christmas in June" funksie gereël. Want wie weet of hulle Desember nog met ons gaan wees? Moontlik net as hul betyds vir Lulu CHOC ontmoet het. Dit is vir die kinders, ouers, opas, oumas, boeties en sussies. Dit was die eerste keer dat ek so 'n funksie gereël het.

Die ander positiewe ding is dat ek vandag kanker by myself of iemand in my gesin of familie of vriende sal kan hanteer. Ek is nie bang nie. Die belangrikste is dat Lulu CHOC almal moet inlig en bekendstel aan die vroeë waarskuwingstekens van kanker. So kan kinders betyds gediagnoseer en behandel word. As dit die effek was wat Lulu CHOC op my gehad het, dink net watter ongelooflike effek dit op 'n ongediagnoseerde kind kan hê?

*Van 'n Lulu CHOC bewonderaar*

# Wie is hierdie Jesuskind?

- Ds Freek Serfontein

Daar was 'n tyd toe van ons rondom Kersfees, veral aan Jesus gedink het as 'n baba wat in 'n krip lê. Van die vroegste tye af was daar kunstenaars wat dit uitgebeeld het. Kerskaartjies het op 'n stadium graag van illustrasies van die kriptoneel gebruik gemaak.

Natuurlik is dit reg dat ons met Kersfees aan die geboorte van Jesus dink. Dis ons fees van vreugde en dankbaarheid. Vir Christene is Jesus immers "ons grootste Kersgeskenk!" Maar verseker mag ons nie by die "baba in doeke" vashaak nie. Al val die klem rondom Kersfees veral op Jesus se geboorte, dink ons dan ook reeds "groter" oor Jesus.

Die kind van Betlehem het opgegroeï. Hy het 'n rabbi (leermeester) geword. Hy het dissipels om Hom versamel. Van plek tot plek gegaan om hulle en die wat kom luister het, van God en God se koninkryk te leer. Die gesag waarmee Hy dit gedoen het, het die mense verbaas, "want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie."

Later sou Jesus verduidelik dat in God se koninkryk dit om twee sake gaan. In die eerste plek gee God se volgelingen aan Hom die belangrikste plek in hulle lewe. Hy is die Koning na wie hulle opsien. Die Een voor Wie hulle daagliks in erkentlikheid buig. Jesus self het dit so gestel die dag toe baie mense op die berg geluister het wat Hy vir hulle gesê het: "Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is."

Kersfees roep ons om ook hieraan te dink. Aan die diepe vrede en vreugde wat in die lewe van Jesus se



dissipels van alle tye gekom het. Wie 'n volgeling van Jesus is, ken dit en kan nie anders as om God elke dag daarvoor te dank nie. Kan nie anders leef as om daagliks in alles in afhanklikheid van God te leef nie.

Daar's 'n tweede been waarop Jesus se lering van die koninkryk van God staan. Dit gaan om ons gesindheid en optrede teenoor ons medemens. Wanneer ons aan Jesus in die tyd rondom Kersfees dink, is dit onmoontlik om nie aan sy voorbeeld te dink nie. Hoe het Hy ons nie kom leer om met sagte oë te kyk na die mense wat die lewe saam met ons op sy aarde deel nie!

Is dit nie wat ons die wêreld van ons dag skuld nie? Om nie net te weet Wie hierdie Jesus is nie. Maar om deur ons gesindheid en dae sy nalentenskap aan hierdie wêreld te waardeer en te demonstree!

## 30 November: Eerste Adventsondag

09:00 - Erediens : Ds Rian Verster  
19:00 - Kerssangdiens : Ds Freek Serfontein

## 7 Desember: Tweede Adventsondag

09:00 - Ds Tinus van Zyl (doop)  
19:00 - Ds Teyo Smit

## 14 Desember: Derde Adventsondag

09:00 - Ds André van Wyk  
18:30 - Kersliedere by kerslig. Ons hou piekniek in die saal en sing kersliedere saam. Daar is ook 'n kort kerstoneel, met 'n regte donkie! Bring gerus vriende en familie saam, en moenie jou piekniekmandjie vergeet nie.

## 21 Desember: Vierde Adventsondag

09:00 - Ds Rian Verster  
19:00 - Kersmusiek : Tydens die diens word geluister na opnames van klassieke Kersmusiek, en daarmee saam word gepaste Skrifgedeeltes gelees.

## 25 Desember: Kersfees!

08:00 - Erediens : Ds Gys van Schoor  
09:15 - Erediens : Ds Gys van Schoor

Advent en Kersfees  
2008: Program

